

# Een en een = 2 Tim 2

De Waal Esterhuizen

2 Tim 2:1-13



**2Ti 2:1** Jy dan, my seun, wees
sterk deur die genade wat in
Christus Jesus is; 2 en wat jy
van my gehoor het onder baie
getuies, vertrou dit toe aan
getroue manne wat bekwaam sal
wees om ook ander te leer. 3 Ly
dan verdrukking soos ‘n goeie
krygsman van Jesus Christus.

1 en 1 = 2 Tim 2



4  Niemand wat ‘n krygsman is,
wikkel hom in die werksaamhede
van die lewensonderhoud nie,
sodat hy die een kan behaag wat
hom vir die diens gewerf het. 5
En verder, as iemand aan ‘n
wedstryd deelneem, word hy nie
bekroon as hy nie volgens die
reëls gewedywer het nie

1 en 1 = 2 Tim 2



6  Die landbouer wat swaar werk,
behoort eerste van die vrugte te
geniet. 7  Dink na oor wat ek sê;
en mag die Here jou insig gee in
alles! 8  Onthou dat Jesus
Christus, uit die geslag van
Dawid, uit die dode opgewek is
volgens my evangelie,

1 en 1 = 2 Tim 2



9  waarin ek verdrukking ly tot die
boeie toe soos ‘n kwaaddoener;
maar die woord van God is nie
gebonde nie. 10  Daarom verdra
ek alles ter wille van die
uitverkorenes, sodat hulle ook die
verlossing wat in Christus Jesus
is, kan verkry met die ewige
heerlikheid.

1 en 1 = 2 Tim 2



11  Dit is ‘n betroubare woord;
want as ons met Hom gesterf het,
sal ons ook met Hom lewe. 12
As ons verdra, sal ons met Hom
regeer. As ons Hom verloën, sal
Hy ons ook verloën. 13  As ons
ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan
Homself nie verloën nie.

1 en 1 = 2 Tim 2